JOHN VORSTERPLEIN STERFREGISTER NOMMER 3991/71.

"A"

LEONARD GYSBERT KLEYN,

Verklaar:-

Ek is Nr.23123B sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Newlands Nr.60 (Newlands) Distrik.

Op 22.10.71 om 3.45nm. het ek rapporteer vir spesiale diens onder bevel van die Stasiebevelvoerder, Majoor J.M. Kloppers.

Op dieselfde datum om ongeveer 10.40nm. het ons na Fuelweg, Coronationville gegaan waar ons ŉ padblokade opgestel het.

Op 22.10.71 om ongeveer 11.10nm. het ek in Fuelweg ŉ liggeel Anglia motorkar TU 22315 wat van Wes na Oos gery het ŉ teken gegee om tot stilstand te kom. Die voertuig het tot stilstand gekom, ek het na die motor gegaan en gemerk dat daar twee Indiërmans insittend was.

Ek het na die bestuurder van die voertuig gegaan en hom gevra waarheen hy gaan waarop hy geantwoord het "We are going to a party in Vrededorp", ek het hom gevra; "Ehis time of the night", en ook gevra; "are you people still going to work tomorrow", hy het geantwoord "Yes". Ek het hom gevra; "Do you mind to open the cars' booth", en hy het geantwoord; "certainly". waarop beide die twee Indiërmans uit die voertuig geklim het en ons het na die agterkant van die voertuig gegaan, daarop het die volgende lede ook nader gekom; Nr. 50182H Konst. S. Le R. Fourie, Nr. 203465 Res/A/Off. A.S. Verster, en Nr. 152109F K/Konst. A.A.C. Thinnies.

Die bestuurder van die voertuig het die kattebak van die voertuig oopgemaak. Ek het opgemerk dat ŉ skoenedoos aan die regterkant van die kattebak is en artikels wat in koerantpapier toegedraai was onder die skoenedoos was, daar was ook artikels wat toegedraai was aan die linkerkant van die skoenedoos. Ek het hom gevra; "What are these", hy het geantwoord en gesê; "They are books", ek het gesê; "To me they look like shoeboxes", hy het weer gesê; "It is books". Ek het die koerante wat links van die skoenedoos gelê het oopgemaak en gevind dat dit pamflette van ŉ verbode organisasie bevat. K/Konst. Thinnies het een van die pamflette geneem en aan Majoor Kloppers oorhandig. Die voertuig se kattebak was toegemaak, en het die twee Indiërs tesame met K/Konst. Thinnies agter in die voertuig laat klim, ek het die voertuig na Newlands Polisiestasie bestuur, nadat Essop die kattebak gesluit het met die dokumente nog net só daarin.

In die Polisiestasie agterplaas het ons afgeklim en die klagtekantoor binnegegaan. K/Konst. Thinnies wat saam met my gereis het, het vir Essop en Timol opgepas terwyl ek die Veiligheidspolisie geskakel het.

Ek het toe vasgestel dat die bestuurder van die Anglia Mohammed Salim Essop is, en dat hy ŉ derde jaar mediese student te Witwatersrand Universiteit is, en sy passasier Ahmed Timol, ŉ onderwyser van Roodepoort Indiër Hoërskool is.

Ek het gemerk dat die twee Indiërs in ŉ Indiër taal met mekaar gesels en het Timol alleen in ŉ sel toegesluit en Essop op ŉ bank in die selgang laat sit hangende die aankoms van die Veiligheidspolisie.

S/A/Offisier Els van die Veiligheidspolisie het opgedaag en ek het ŉ rapport aan hom gedoen en die kattebak van die Anglia oopgesluit en die dokumente aan S/A/Offisier Els getoon. Hy het beslag op die dokumente gelê en sy Offisiere geskakel.

Later het Kapt. Dirker en daarna Kol. Greyling, beide van die Veiligheidspolisie opgedaag.

Die Veiligheidspolisie het toe beslag gelê op die Anglia motorkar TU 22315, die dokumente en ook die twee Indiërmans oorgeneem van my.

1/11/71 1/11/71 1/11

...........2.

A1.

Ek het Kapt. Dirker met Timol vergesel na die Veiligheidskantore te John Vorsterplein, waar ek hom bewaak het tot 5.30vm. op 23.10.71.

Timol was nooit deur my of enige ander persoon in my teenwoordigheid aangerand nie. Te John Vorsterplein was hy ondervra deur Lt.Kol van Wyk en Kapt. Dirker.

Asgevolg van opdrag het ek om 3nm. op 28.10.71 by die Staatslykshuis aangedoen en daar die lyk van ŉ Indiërman uitgeken as die van Ahmed Timol die persoon wat ek inhegtenis geneem het aan Nr. 39307T Konst. A.J. Fourie die assistent kurator.

L.G. KLEYN : 23123B SERS.

JOHANNESBURG.
10.00vm. 1/11/71.

Getuie 1) [signature] Maj

Ek sertifiseer dat

Die verklaarder erken dat hy/sy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig/bevestig voor my en verklaarder se handtekening/duimafdruk/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

The deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this affidavit which was sworn to/affirmed before me and the deponent's signature/thumb print/mark was placed thereon in my presence.

[signature]

Genl. Maj. SA. Polisie

Ex Officio

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
DISTRIKSKOMMANDEUR
1 -11- 1971
DISTRICT COMMANDER
JOHANNESBURG
SOUTH AFRICAN POLICE

Getuie: [signature] Brig

Place of interrogation
1) Treated courtesly.
2) No threats
No assaults
3) At ease

XB Ex "B" 12 (not called)

ADAM ALEXANDER CECIL THINNIES,

Verklaar:-

Ek is Nr.152109P Kleurling konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Newlands Nr.60 (Newlands) Distrik.

Op 22.10.71 omstreeks 3.45nm. het ek aan diens rapporteer. Vanaf 10.30.nm op dieselfde datum was ek saam met Nr.23123B Sersant. L.G.Kleyn gepos. Ons het na Coronationville gegaan waar ons tesame met ander lede 'n padblokade in Fuelweg opgerig het.

Omstreeks 11.10.nm het Sersant Kleyn 'n liggeel kleurige Anglia motor TU.22315 tot stilstand gebring. Ek was aan die linkerkant van die motor. Ek het gesien dat die motor deur 'n Indiërman bestuur was, en dat nog 'n Indiërman 'n passassier voor in die motor was.

Ek het die linker voorkant binne in die motor deursoek. Sersant Kleyn het die bestuurder van die voertuig versoek om uit te klim en die kattebak oop te sluit.

Ek het na die agterkant van die motor gegaan. Ek het gesien dat daar 'n skoendoos regs agter in die kattebak is. Daar was ook 'n pakket wat met koerantpapier toegedraai was links van en onder die skoendoos. Ek het een van die pamflette uit die pakket geneem en gelees, en aan Majoor Kloppers getoon.

Die motor se kattebak was toe deur die bestuurder toegesluit en die sleutels deur Sersant Kleyn geneem. Ek het saam met die twee Indiërs agter in die motor geklim. Sersant Kleyn het die motor na Newlands polisiestasie bestuur, met die dokumente nog in die kattebak.

In die polisiestasie agterplaas het ons afgeklim en die Aanklagtekantoor binnegegaan. Ek het die twee Indiërs opgepas terwyl Sersant Kleyn geskakel het.

Ek was teenwoordig terwyl Sersant Kleyn die Indiërs ondervra het, en vasgestel het dat die bestuurder Mohammed Salim Essop is, en dat die passassier Ahmed Timol is.

Ek het gehoor dat die Indiërs met mekaar Indiër taal praat. Sersant Kleyn het daarop vir Timol in 'n sel toegesluit en Essop in die gang laat sit het waar ek hom opgepas het.

Ek het later vir Essop aan 'n offisier van die Veiligheids polisie oorhandig.

[signature] ..................K/Konst.
152109P. A?A.C.Thinnies.

JOHANNESBURG.
1.11.1971 -3.20.nm. Ek sertifiseer dat-

Die verklaarder erken dat hy/sy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was [illegible] voor my, en verklaarder se handtekening/duimafdruk/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

The deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this affidavit which was sworn to/affirmed before me and the deponent's signature/thumb print/mark was placed thereon in my presence.

[signature] Genl. Maj.
[illegible] Officer

Getuies (1) [signature] 32500 SMO
(2) [signature] Maj.
S.A.Polisie

XX H3.

~~Ex "E"~~
Dokument "F"

WILLEM PETRUS VAN WYK

V E R K L A A R  ONDER EED :

1.

Ek is 'n Luitenant Kolonel in die Suid-Afrikaanse Polisie, verbonde aan die Veiligheidstak, Hoofkantoor, Pretoria.

2.

Op 23.10.1971 omstreeks 2.30 vm. is ek versoek om my aan te meld by John Vorsterplein, Johannesburg. Net na 3 vm. het ek te Johannesburg aangekom.

3.

Ek het Kaptein Dirker, Sersant Kleyn en 'n onbekende Indiërman in eersgenoemde kantoor aangetref. Ek het later verneem dat hierdie Indiër ene TIMOL was.

4.

Alhoewel ek hierdie Indiër nie behoorlik geïnspekteer het nie, kon ek geen wonde aan sy gesig, hande, ens. sien nie.

5.

Terwyl Sersant Kleyn vermelde Indiër opgepas het, het ek saam met Kaptein Dirker talle dokumente wat na bewering in TIMOL se besit gevind is, deurgelees met die doel om te bepaal of die name van ander verdagtes daarin voorkom ten einde hulle ook te arresteer of te visenteer.

6.

Daar het verskeie name van ander verdagtes sowel as die van TIMOL op hierdie dokumente voorgekom en 'n aantal Indiërs is dan ook gearresteer.

7.

Volgens die inhoud van hierdie dokumente was dit vir my duidelik dat TIMOL 'n kommunis was wat gedurig kontak met die Sentrale Komitee van die Kommuniste Party in Engeland gehad het en dat hy in bevel was van die sogenaamde "MAIN UNIT" in Suid-Afrika.

Ek ....../2

8.

Ek het onmiddellik besef dat TIMOL van onskatbare waarde vir ons kan wees en daar is toe besluit dat hierdie persoon aangehou sal word in die kantore van die Veiligheidspolisie te John Vorsterplein. Dit is 'n feit dat in die verlede van hierdie kommuniste uit tronke of selle ontsnap het, dat verskeie ander ook pogings aangewend het om te ontsnap en ook dat hulle op een of ander onverklaarbare wyse inligting uit die selle gesmokkel het en selfs ontvang het.

9.

Dieselfde dag ongeveer 4.30 vm. het ek Kaptein van Niekerk van Hoofkantoor versoek om hier aan te meld en omstreeks 6 vm. het hy en Kaptein Gloy alhier arriveer.

10.

Opdrag was deur my aan laasgenoemde twee offisiere gegee om TIMOL (oorledene)te begin ondervra.

11.

Op Maandag 25/10/1971 van ongeveer 8.30 vm. tot 7.30 nm. het ek, bygestaan deur Kaptein Bean, TIMOL ondervra. Die volgende oggend omstreeks dieselfde tyd tot 8 nm. is hy weer deur ons ondervra. Tydens die ondervraging het ek gevind dat TIMOL nie agsntig was om ander persone in gedrang te bring nie maar wel bereid om alle skuld op hom te neem. Hy was stil van geaardheid en het in 'n sagte stem gepraat. Hy het herhaaldelik gesê dat hy bewus is dat hy minstens 20 tot 25 jaar vonnis kan verwag. Hy was toegelaat om te sit of te staan soos hy dit verkies, hy was ook etes en verversings gegee soos koffie, of tee, of koeldrank, wanneer hy dit verlang.

12.

Op sommige van die vermelde dokumente het die name, QUENTIN, MARTIN en HENRY voorgekom. // Oorledene was gedurig gevra wie

H3. 11



besef het dat die getuienis teen hom, verdoemend was en dat hy vir baie jare tronk toe sou moes gaan. Daarbenewens is dit ook bekend dat kommuniste eerder selfmoord moet pleeg voordat hulle enige inligting aan die Polisie verstrek.

LT.KOL.
W.P. VAN WYK.

Bostaande verklaring deur my geneem.

Getuie:

Genlm

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
DIST. 39
DISTRIKSKOMMISSARIS
2 -11- 1971
JOHANNESBURG
SOUTH AFRICAN POLICE

| | |
|---|---|
| Ek sertifiseer dat: Die verklaarder erken dat hy/~~sy~~ op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig / ~~bevestig~~ voor my en verklaarder se handtekening/~~duimafdruk~~/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring. | I certify that: The deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this affidavit which was sworn/affirmed before me and the deponent's signature / thumb print / mark was placed thereon in my presence. |

Vrederegter / Justice of the Peace
Kommissaris van Ede / Commissioner of Oaths

Datum / Date: 24/11/71
Plek / Place: Johannesburg

E

114

~~Ex "D"~~ Statement "C"

RICHARD BEAN:

VERKLAAR ONDER EED:

1.

Ek is 'n Kaptein in die S.A. Polisie, verbonde aan die Veiligheidstak, John Vorsterplein, Johannesburg.

2.

Op 25.10.1971 (Monday) vanaf ongeveer 8.30 vm. tot 7.30 nm. en op 26.10.1971 (Tuesday) vanaf 8.30 vm. tot 8.00 nm. was ek, Luitenant-Kolonel W. VAN WYK behulpsaam om ene AHMED TIMOL te John Vorsterplein te ondervra.

3.

Tydens die ondervraging het ons, ons hoofsaaklik toegelê op dokumente wat in ons besit was.

4.

wanted names of Main & Sub-groups
wanted to win his confidence
calm & friendly – Alert.
would not give names of anyone else

Vermelde TIMOL was deurentyd kalm en ek het die indruk gekry dat hy verkies om so min as moontlik te sê. Hy het herhaaldelike kere gesê dat hy bewus is dat hy 'n vonnis van ongeveer 20-25 jaar opgelê sal word. Hy het alle skuld op homself geneem en wou nie name of adresse van persone in dokumente genoem, aan ons verstrek nie.

5.

TIMOL was toegelaat om te sit en te staan wanneer hy verkies. (why?) Gereelde etes, koffie, tee en koeldrank was hom aangebied.

6. ...../ 2.

By beide geleenthede naamlik 25 en 26.10.1971 het ons TIMOL aangetref in kantoor 1026 onder toesig van Sersant BOUWER en Sersant LOUW. Ons het met die ondervraging in dieselfde kantoor voortgegaan. By beide geleenthede het TIMOL fiks en gesond voorgekom. Hy het geen sigbare beserings gehad nie. No complaints

No threats No reports of such

7.

TIMOL was nooit deur my of in my teenwoordigheid aangerand of gedreig nie.

KAPTEIN

R. BEAN

BOSTAANDE VERKLARING DEUR MY GENEEM.

[illegible] ... dat hy/sy op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring ... beëdig / ... handtekening / merk ... teenwoordigheid daarop aangebring.

... that he/she knows and understands the contents of this affidavit which was sworn/affirmed before me and the deponent's signature / thumb print / mark was placed thereon in my presence.

8740

Vrederegter / Justice of the Peace
Kommissaris van Ede / Commissioner of Oaths

Datum / Date

Plek / Place

Getuie: [signature] Genl. Maj.

XX A7. 15

"EXH. A" Statement H

JOHANNES ZACHARIA VAN NIEKERK

VERKLAAR ONDER EED :

1.

Ek is 'n Kaptein in die S.A. Polisie en verbonde aan die Veiligheidspolisie te Hoofkantoor, Pretoria.

2.

Op 23.10.1971 om 6 vm. is die oorledene AHMED TIMOL deur LT.KOL. W.P. VAN WYK aan KAPT. J.H. GLOY en myself oorhandig vir ondervraging. TIMOL was op die oog af vry van beserings of merke.

3.

Hy was dieselfde dag deur ons twee ondervra oor sy skakeling met sekere Blanke persone MARTIN, HENRY en QUENTIN. TIMOL het ons onder die indruk probeer bring dat QUENTIN 'n Kleurlingman is en slegs 'n sosiale vriend van hom is. Ons het hom tot 7 nm. dieselfde dag ondervra.

4.

Op 24.10.71 het KAPT. GLOY en ek weer vir TIMOL ondervra vanaf 8 vm. tot 8 nm.

5.

Op 27.10.71 het KAPT. GLOY en ek weer vir TIMOL ondervra vanaf 8 vm. tot 3.30 nm. Hy was nog steeds vry van sigbare beserings of merke. TIMOL se houding was deurgaans baie vriendelik, dog terughoudend. Hy was veral traag om enige inligting te verskaf wat ander persone impliseer. Hy het volstaan dat hy nie enige inligting kan verskaf met betrekking tot HENRY, MARTIN en QUENTIN nie.

....../2

16

6.

Oor dokumente in sy besit gevind het hy openlik gesels. Hy het openlik erken dat hy 'n lid van die Kommuniste Party van Suid-Afrika is, en dat hy skakeling met genoemde party in London het. Hy het by meer as een geleentheid sy vrees uitgespreek dat hy vir twintig jaar of langer tronk toe sou gaan.

7.

Om 3.30 nm. op 27.10.71 het SERS. J. RODERIQUES koffie ingebring vir die drie van ons. TIMOL het op hierdie stadium by die tafel gesit en was besig om notas te maak oor sy bedrywighede. Hy was heeltemal op sy gemak.

8.

Om omstreeks 3.50 nm. het 'n lid van die Mag by die kantoor ingekom en ons meegedeel dat dit positief vasgestel is wie QUENTIN, MARTIN en HENRY is en waar hulle hulle bevind. Die naam QUENTIN JACOBSON was genoem. TIMOL was klaarblyklik baie geskok hierdeur en het erg ontsteld voorgekom. Ek en KAPT. GLOY het SERS. RODERIQUES versoek om by TIMOL te bly terwyl beide van ons uit die kantoor is om die inligting te kontroleer. Voordat ons uit die kantoor is, het SERS. RODERIQUES agter die tafel teenoor TIMOL gaan sit wie nog steeds by die anderkant van die tafel gesit het.

9.

Etlike oomblikke later het ek 'n rapport ontvang dat TIMOL deur die kamervenster gespring en selfmoord gepleeg het. Ek is dadelik na die kantoor terug. Ek het deur die venster gekyk en 'n liggaam onder die venster tussen die struike gesien.

........../3

H7. 17



10.

Ek is dadelik na buite om te sien of TIMOL nog leef. Ek het TIMOL op sy gesig in 'n struik met sy bene wyd uitmekaar aangetref. Sy regterskoen het langs hom op die grond gelê. Sy liggaam was na binne gedra waar hy 'n rukkie later deur DR. KEMP as dood sertifiseer is.

11.

Na my mening het TIMOL selfmoord gepleeg omrede hy gevrees het dat hy 'n lang tydperk gevangenisstraf sou kry indien sy saak voor die Hof dien.

12.

Ek het die liggaam van AHMED TIMOL vanaf John Vorsterplein na die lykshuis vergesel en daar aan SERS. MOSTERT uitgeken.

[signature] KAPT.

J.Z. VAN NIEKERK.

Bostaande verklaring deur my geneem.

[signature]

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
DIST. 39
DISTRIKSPEURAFFISIER
4 -11- 1971
DISTRICT C.I. OFFICER
JOHANNESBURG
SOUTH AFRICAN POLICE

[signature] SH [illegible]

Ek sertifiseer dat:
Die verklaarder erken dat hy/sy op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig / bevestig voor my en verklaarder se handtekening/~~duimafdruk / merk~~ is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

I certify that:
The deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this affidavit which was sworn/affirmed before me and the deponent's signature / thumb print / mark was placed thereon in my presence.

[signature]
Vrederegter / Justice of the Peace
Kommissaris van Ede / Commissioner of Oaths

Datum / Date: 4/11/71
Plek / Place: Johannesburg

JOHANNES HENDRIK GLOY Gloy XX AO 18

Ex "G" "a" Statement G

VERKLAAR ONDER EED :

1.

Ek is 'n Kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie verbonde aan die Veiligheidspolisie, Hoofkantoor, Pretoria.

2.

Op 23/10/1971 om 6 vm. is oorledene AHMED TIMOL deur Luitenant-Kolonel W.P. van Wyk aan my en Kaptein J.Z. van Niekerk oorhandig vir ondervraging. AHMED TIMOL was op die oog af vry van enige beserings of wonde. Hy was dieselfde dag ondervra tot 7 nm. in verband met die skakeling met drie blanke persone nl. QUENTIN, HENRY en MARTIN. AHMED TIMOL het ons onder die indruk probeer bring dat QUENTIN 'n kleurling van is wat slegs 'n sosiale vriend van hom was.

3.

Op 24/10/1971 was AHMED TIMOL deur Kaptein van Niekerk en myself, ondervra vanaf 8 vm. tot 8 nm.

4.

Op 27/10/1971 was AHMED TIMOL deur Kaptein van Niekerk en myself ondervra vanaf 8 vm. tot 3.30 nm. Hy was nog steeds vry van enige beserings of wonde.

AHMED ....2/.

A8 - 19

AHMED TIMOL was vriendelik dog terughoudend om verdere inligting te verskaf ten opsigte van QUENTIN, HENRY en MARTIN. Hy het egter vrylik gesels oor die dokumente dat hy 'n lid van die Kommunistiese Party van Suid Afrika was en dat hy skakeling met genoemde organisasie in London met bekende Kommuniste gehad het en in hierdie vriendelike atmosfeer het hy self in sy eie handskrif gesit en inligting uitskryf. Hy het aanhoudend sy vrees uitgespreek dat hy maklik vir 20 jaar tronk toe sal gaan.

5.

Om 3.30 nm. om 27/11/1971 het Sersant J. Roderigues koffie gebring vir Kaptein van Niekerk myself en TIMOL. AHMED TIMOL het op hierdie stadium weereens gesit aan die een kant van die tafel. Hy het nog steeds notas gemaak oor sy verbintenis en deelname in verband met die Kommunistiese Party. Die stuk opgestel in sy eie handskrif is nou voor die hof.

Om ongeveer 3.50 nm. het 'n lid by die kantoor aangekom en meegedeel dat dit positief vasgestel is wie QUENTIN, MARTIN en HENRY is en waar hulle, hul bevind. AHMED TIMOL was duidelik erg geskok oor die verloop van sake.

Kaptein van Niekerk en myself het Sersant Roderigues versoek om by AHMED TIMOL te bly. Ons het die kantoor verlaat om die verloop van sake te gaan bespreek. Sersant Roderigues het regoor AHMED TIMOL aan die ander kant van die lessenaar gaan sit.

6.

Etlike oomblikke later het ek 'n rapport ontvang dat

I/18 20

AHMED TIMOL selfmoord gepleeg het deurdat hy uit die venster gespring het in die kantoor waar hy ondervra was. Ek het die oorledene nie weer gesien nie. Oorledene was nooit aangerand of gedreig nie.

Volgens my opinie het oorledene selfmoord gepleeg omrede hy bevrees was dat hy vir 'n baie lang tydperk tronk toe gestuur sou word.

J. H. GLOY KAPT.

Bostaande verklaring deur my geneem.

GENL. MAJOOR

Getuie 1) [signature] May

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
DIST. 39
DISTRIKSSPEURoffISIER
4 -11- 1971
DISTRICT S.B. OFFICER
JOHANNESBURG
SOUTH AFRICAN POLICE

Ek sertifiseer dat:
Die verklaarder erken dat hy/sy op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig / ~~bevestig~~ voor my en verklaarder se handtekening/~~duimafdruk~~/merk is in my teenwoordigheid daarop aangebring.

I certify that:
The deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this affidavit which was sworn/affirmed before me and the deponent's signature / thumb print / mark was placed thereon in my presence.

Vrederegter / Justice of the Peace
Kommissaris van Ede / Commissioner of Oaths

Datum / Date: 4 / 11 / 71

Plek / Place: Johannesburg

Ex "H" 21
Statement "M"

YUSUF AHMED TIMOL,

States:-

I am an adult Indian Commercial Traveller, residing at Flat No.2, 76 Mare Street, Roodepoort.

I am 65 years old and the father of the late Ahmed Timol. He was born at Breyten on 3.11.1941. He was still single and a school teacher at the Indian High school in Roodepoort.

The deceased went to Mecca in December 1966, and was away until February 1970. From Mecca he went to England staying in London attending classes, I cannot say what he studied, whilst he also teached at a school.

From the time of his return in February 1970 he has been teaching at the Indian High School in Roodepoort.

The last time I saw my late son alive was on Friday 22.10.1971 at about 6.45.pm. when I returned from the Mosque. The deceased was just leaving our house as I came in, Deceased told me he will be back soon, but did not say where he was going.

At 3.am. three white men arrived at my house saying that they are from the Special Branch, John Vorster Square or they could have said Security Branch.

I am not sure. They asked where my son is. I told them he must be sleeping in his room. They said they wanted to search the room. We went to deceased's room, and I found that deceased was not there. They searched the room and removed the typewriter and certain documents for which they gave me a listed receipt. I was not told by these men that my son ( the deceased ) was under arrest at John Vorster Square. They never said anything to me about my son.

After the search I was told to accompany them to John Vorster Sqaure which I did. As a result thereof I missed my 4.15 am. prayer at the Mosque.

At about 12 md on 23.10.71, I was taken home with my 19 year old son Haroon whom I found had also been at John Vorster Square.

The men from the Security Police visited my home about another 5 times I however cannot remember on what days or at what times. On each occasion they searched deceased's room alone. They never brought him with.

My wife asked the men: " When do I see my son again". One of the men replied: "You won't see your son". My wife and this man spoke in Afrikaans. I understand Afrikaans. This took place on Tuesday 26.10.1971. This man also said: " Jou seun moet pak kry". my wife asked why are you going to give my son a hiding and the man replied: " Because you did not give him a hiding that is why we will give him a hiding".

.................2/

A6.

22

My wife then said: " I never hit my children why will you hit my children". All this was still in Afrikaans.

I cannot remember if the Security Branch men came again after this they came several times and they could have come again after Tuesday 26.10.1971.

On Wednesday 27.10.71. at about 7pm. I was called at the Mosque to the house where my wife told me that our son was dead. She told me the police had told her.

On Friday 29.10.71 in the morning I identified the body of my son Ahmed at the Government Mortuary at Hillbrow.

The body was released for burial shortly after 12.md. 29.10.71. The body was placed in a hearse driven by Mr.Khan.

I followed in a car to our Mosque in Newtown. After the usual Friday prayer the body was taken into the place provided for washing.

As soon as my son's face was bared I became upset and left. I did not view the body again until it was closed.

JOHANNESBURG.
2.11.1971 - 1.PM.

..............................................

Above statement taken by me.

.............................................. Maj Gen
SA Polic

I certify that

2 -11- 1971

SOUTH AFRICAN POLICE

Brig

I M.S.H.Cachalia B.A. L.L.B. assisted in the taking of the above statement from Gujerati and vice-versa.

I declare this to be a true and correct statement as given by Yusuf Ahmed Timol.

M.S.H. Cachalia
..............................................

) see Exh "V" my own handwriting

X T/9.

HAWA TIMOL,

Verklaar:-(In Afrikaans).

Ek is 'n Indier volwasse vrou woonagtig te Woonstel 2, 76 Mare Straat, Roodepoort. Die oorledene Ahmed Timol was my seun.

Ek het hom laas lewend gesien op Vrydag 22.10.71. Hy het die huis verlaat in die oggend. Hy het nie gesê waarheen jy gaan nie.

Vroeg ongeveer 3.vm op Saterdag 23.10.71 het lede van die Veiligheids Polisie by my huis gekom. Hulle het oorledene se kamer deursoek.Toe hulle loop het een gesê: "Ons het jou seun." Dieselfde middag ongeveer 6.15.nm. het hulle weer die kamer kom visenteer.

Hulle het weer op Dinsdag 26.10.71 gekom ongeveer 12.30.nm. en weer, 1.45.nm. Hulle was 3 lede. Toe hulle die twede kom het hulle gevra vir die groot boek van die skool. Ons kon die boek nie kry nie. Ek vra toe "wie het julle gestuur vir die boek". Die een sê: " jou seun het ons gestuur." Ek vra toe: "waar is my seun, wys tog asb my seun." Die een sê toe: "Jy kan nie meer jou seun sien nie. Ek vra toe: " Hoekom Meneer jy sê so, my hart is so seer,ons fas nou." Die lid sê toe: "Hy moet pak kry". Ek vra toe: "Hoekom Meneer jy geem my kind pak, Ek het nie my kind pak gegee nie." Hy antwoord toe: ". Jy het hom nie pak gegee nie daarom ons gee hom pak." Ek het toe gesê: " Julle sê julle gee vir my seun pak. jy moet mooi hoor meneer, soos een gee vir jou seun pak, sy ma se hart is seer. Julle moenie my seun pak gee nie". Hulle is toe weg.

Ek was by die lid wat ek mee gepraat het. Ek praat en verstaan Afrikaans goed.

Ek handig nou in 6 ~~Kaarte~~ kaarte waarop oorledene aan albei kante notas gemaak het in sy eie handskrif.

Op woensdag 27.10.71 om ongeveer 7.nm het die Polisie my meegedeel dat Ahmed oorlede is.

Op Vrydag 29.10.71 ongeveer 2.nm was oorledene se lyk na my huis gebring ek het sy gosig gesien. Die lyk is 3.30.nm weggeneem na die begrafplaas.

Hawa Timol
..........................

ROODEPOORT.
4.11.1971 - 12.15.nm.

Bostaande verklaring deur my geneem.

Verklaarder erken dat hy/sy die inhoud van hierdie verklaring ken en dit begryp. Hierdie verklaring was voor my ... / The deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this statement which was sworn/affirmed before me and the deponent's signature/thumbprint/mark was placed thereon in my presence.

Kommissaris van Ede / Commissioner of Oaths
4/11/71

X

Ex "K"

24

MOHAMED KAHN,

Verklaar:-

Ek is 'n volwaase Indier man woonagtig te 1915 Dulcie Woonstelle, Meyerstraat, Newclare.

Ek is 'n begrafnisondernemmer te Commissionerstraat 32,Johannesburg, bekend as Central Islamic Trust.

Op 29.10.71 omstreeks 12.15 NM. het ek die liggaam van Ahmed Timol van die kurator van die Staatslykshuis ontvang.

Ek het die liggaam vervoer na die Newtown Moskee, waar die liggaam deur die familie gewas is.

By die Staatslykshuis het ek die liggaam asook die hande gesien, Die naels was normaal. Indien enige naels vermis was sou ek dit gesien het.

M. Kahn.
..........................

JOHANNESBURG.
8.11.1971 - 8 VM.

Bostaande verklaring deur my geneem.

[signature]
..........................

[illegible]

Die verklaarder erken dat hy/sy ten volle op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was [illegible] voor my, en [illegible] handtekening/duimafdruk/merk [illegible] gesetel.

The deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this affidavit which was [illegible] before me and the deponent's signature/thumb print/mark [illegible] thereto in my presence.

[signature] 32563K S/f C

[illegible]

8.11.71

Plek
Place Johburg

Plony" "Put in ay hmm" XX

27 A11

Ex - A" "Statement O"

JOHANNES JACOBUS LIEBENBERG

VERKLAAR ONDER EED:

1.

Ek is 'n Adjudant Offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie te John Vorsterplein, Veiligheidstak.

2.

Op 23.10.71 vanaf 3 vm. - 6 vm. het ek, KAPT. LE ROUX en S/SERS. JOUBERT die woonstel van die TIMOL gesien te Maré straat 76, Roodepoort, deursoek. Teenwoordig was Mnr. & Mev. TIMOL en hulle dogter.

3.

Op geen stadium het enige polisiebeampte in my teenwoordigheid 'n gesprek met enige van die TIMOL gesien gevoer nie, behalwe die bekendstelling en vrae aangaande die eiendom wat ons deursoek het.

4.

Op 26.10.1971 om ongeveer 1.30 nm. het ek, LUIT. RAS en S/A/O. VAN RENSBURG weer die woonstel deursoek. Teenwoordig was op hierdie stadium Mnr. & Mev. TIMOL en later hulle dogter wat tydens die deursoeking van die skool af gekom het.

5.

Na die deursoeking afgehandel was, het ek die perseel verlaat. Daar het 'n Indiërvrou by die voordeur ingekom en Mev. TIMOL het nadat sy die Indiërvrou gegroet het begin huil en aanhoudend gesê: "Ek wil my seun hê". Kort hierna, terwyl ek nog by die deur gestaan het, het S/A/O. VAN RENSBURG met Mev. TIMOL gepraat

op 'n ......./ 2.

A11. 20

op 'n beskaafde en bedaarde manier.

Ek het gehoor dat Mev. TIMOL aan S/A/O. VAN RENSBURG sê: "My kind het nooit 'n pak gehad nie", waarop Mnr. VAN RENSBURG aan haar gesê het, woorde wat ek nie meer presies kan onthou nie, maar so iets soos: "As jy jou kind daardie tyd geslaan het, dan het jy nie nou gehuil nie".

Mev. TIMOL het op hierdie stadium gehuil en wou net haar kind hê.

Ek het die perseel verlaat met LUIT. RAS en S/A/O. VAN RENSBURG agter my.

6.

Op geen stadium het enige een van ons drie polieiebeamptes met die eerste of tweede deursoeking aan die TIMOL gesin gesê dat hulle nooit weer hulle seun sal sien nie.

7.

Ek was nooit behulpsaam met die ondervraging van AHMED TIMOL nie.

[signature]

**NR.29788 : A/O.**

BOSTAANDE VERKLARING DEUR MY GENEEM: [signature]

Getuie: [signature] Maj

SUID-AFRIKAANSE POLISIE
DIST. 39
DISTRIK[illegible] [illegible]FISIER
11 -11- 1971
DISTRIK[illegible] OFFICER
JOHANNESBURG
SOUTH AFRICAN POLICE

Ek sertifiseer dat:
Die verklaarder erken dat hy/sy op hoogte is met die inhoud van hierdie verklaring en dit begryp. Hierdie verklaring was beëdig/[illegible] voor my en verklaarder se handtekening/[illegible] in my teenwoordigheid daarop aangebring.

I certify that:
The deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this affidavit which was sworn/affirmed before me and the deponent's signature/thumb mark was placed thereon in my presence.

[signature] Genl. Maj

Vrederegter / Justice of the Peace
Kommissaris van Ede / Commissioner of Oaths

Offisier SAPolisie

Datum
Date X

Plek
Place

**Collection Number: A3388**

**Collection Name: Ahmed Timol Inquest, records, 1971-1972**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive**
*Location:* **Johannesburg**
**©2015**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive held at the Ahmed Kathrada Foundation.